20 Februarie 2022

FAMILIE TUISBLAD

1 Korintiërs 15:35-38

Nuwe lewe!
Wat het 'n *ladybird* (lieweheersbesie), 'n wurmpie en 'n paddavissie in gemeen? Dis reg ja, hulle verander almal van vorm tydens hulle lewensiklus – dit word metamorfose genoem (google gerus video's oor "metamorphosis"). Vertel vir mekaar of jy dit al gesien gebeur het, byvoorbeeld hoe 'n skoenlapper uitbroei.

Een van die dinge wat Christene glo, is dat die dood nie die einde is nie. Ons glo Jesus het die dood oorwin deur nie net te sterf aan 'n kruis nie, maar op die derde dag weer op te staan!
Die verhaal van Jesus wat die dood oorwin, help ons ook om te weet dat daar altyd lewe na die dood is, selfs lewe anderkant die dinge wat soos dood *voel*. Partykeer gebeur slegte dinge met ons - soms is dit ons skuld en soms is dit ander mense se skuld - maar almal van ons kry seer en soms voel daardie seer so erg soos die dood. Mense trek weg na ander plekke, partykeer skei ouers, of iemand vir wie ons lief is, raak baie siek. Jesus wat die dood oorwin het, leer ons dat daar ook ná hierdie slegte dinge hoop en nuwe lewe is; dit sal weer beter gaan!

Lees: 1 Korintiërs 15:35-38 Die opstandingsliggaam

Gesels:

- Het jy al so seer gekry of was jy al so hartseer oor iets wat vir jou gevoel het soos die dood?
- Dink jy daar is lewe na die dood? Sal dinge weer eendag beter wees, maak nie saak hoe sleg dit nou is nie?
- Is jy al verras deur wat God in jou lewe gedoen het nadat jy baie seer gekry het?

Bid: Dank God dat Jesus op die derde dag weer uit die dood opgestaan het en vir die hoop wat ons het dat Hy alles nuut gaan maak – al verstaan ons nie hoe nie.

Doen: Gewoonlik is daar prentjies van die groente of blomme wat groei uit spesifieke saad op die pakkies waarin dit verkoop word. Gaan kies iets om te plant, koop die saad, sien hoe die saad glad nie soos die plant, blom of groente lyk nie en versorg die saadjies totdat julle kan sien hoe nuwe lewe uit die saad wat begrawe is, groei.

Luister hierdie week na nog oordenkings oor **nuwe lewe** op die **DinkJeug Familie App**.

Laai die app gratis hier af:

Google Play: https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en
Apple iStore: https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715

Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te belyn, besoek NOUS by www.nous.org.za